
Algemene prosedures van Auxilio

Algemeen

- Graad R - 3 word nie tans deur Auxilio ontwikkel nie, kontak ons gerus vir 'n verwysing van iemand wat dit wel ontwikkel.
- Auxilio het gekwalifiseerde persone in al die vakke wat ontwikkel word, om 'n kwaliteit KABV produk daar te stel.
- Auxilio is geaffilieerd met Assessering Sentrums reg oor Suid Afrika. Hierdie sentrums is verantwoordelik vir toesig tydens die Junie en November eksamens. Hulle kan die ouer ook bystaan om leerders te tutor en hulle werk te assesser.
- Algemene inligting rakende die 2019 SBA word by elke SBA ingesluit, maak uself bekend met ons beleid en prosedures. LEES ASSEBLIEF ALLE KOMMUNIKASIE DEEGLIK.
- Alle SBAs word elektronies versend. Kontak Auxilio asseblief direk indien u enige probleme ondervind.
- Gebruik die KABV kurrikulum as riglyn vir onderrig. Ouers mag van enige hulpmiddels gebruik maak, bv die Internet, handboeke, tutors en so meer.

Graad 4 – 9

- Die ouer neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar kind se onderrig.
- Hierdie grade val in die verpligte skoolgaande ouderdom fase volgens die Suid-Afrikaanse Skole Wet.
- Die ouer moet sy kind jaarliks by die Onderwys Departement registreer. Die Registrasie vorms is op die Onderwysdepartement se webblad beskikbaar. Maak asseblief seker dat die Onderwys Departement ontvangs daarvan erken as bewys dat dit wel ingedien is.
- Leerders moet die volledige SBA per vak voltooi, dit is die minimum vereistes per vak per graad volgens die KABV dokument.
- Sou jy jou kind by Auxilio inskryf, mag jy alle take en toetse (behalwe die November eksamen) by die huis aflê, die ouer is ook verantwoordelik vir die merk van hierdie take en toetse.
- Die November eksamen moet by 'n sentrum, of 'n skool, of 'n kommissaris van ede afgelê word. Ouers mag nie die November vraestelle sien of enigsins hanteer nie. Hierdie eksamen sowel as die volledig voltooide/gemerkte SBA, word aan die einde van die jaar aan Auxilio gestuur. Auxilio modereer die SBA en merk die November eksamen vraestelle en reik daarna 'n volledige rapport vir die leerder uit.

➤ **Die Auxilio produk sluit die volgende in:**

- Graad 4 – 6
 - Die leermateriaal in die vorm van aanlyn handboeke
 - Al die take, toetse en eksamens ontwikkel volgens die KABV dokument
 - Die moderasie van die SBA aan die einde van die jaar
 - Die merk van die November eksamen
 - Die vorderingsverslag
 - Ondersteuning aan die ouer
- Graad 7 – 9
 - Sluit alles in van Gr 4 – 6 behalwe dat die leerder self handboeke aankoop. 'n Lys van handboeke wat Auxilio aanbeveel is op die Auxilio webblad beskikbaar.
 - Ons beveel sterk aan dat die ouer die handboeke reeds aan die einde van die vorige jaar aankoop aangesien daar 'n enorme aanvraag van handboeke is aan die begin van 'n akademiese jaar, en leerder dan onnodig laat kan begin werk.

Graad 10 - 12

- Graad 10 – 12 VOO fase is 'n na-skoolpligtigheid kwalifikasie en val nie meer onder Tuisskolering nie. Die leerder/ouer registreer vir Afstandsonderrig deur Auxilio.
- Alle werk gedurende hierdie fase word deur Auxilio voorsien, gemerk en gemodereer. (Hou altyd 'n kopie van die leerder se werk)
- Auxilio registreer die leerder met die Assesseringsliggaam (SACAI) vir die 3 jaar SS kwalifikasie. Die leerder word nie meer by die Onderwysdepartement geregistreer in die fase nie.
- Alle SBA werk moet per hand afgelewer of gekoerier word, na Auxilio se Hoofkantoor aan die einde van elke kwartaal. Die afsnydatums is op die Auxilio webblad beskikbaar.
- Sien – “Exam writing procedures policy” – vir inligting rakende formele eksamens.
- Ouers is verantwoordelik vir die aankope van hul eie handboeke, dit is uitgesluit by die Auxilio fooi. Ons beveel sterk aan dat die ouer die handboeke reeds aan die einde van die vorige jaar aankoop aangesien daar 'n enorme aanvraag vir handboeke is aan die begin van 'n akademiese jaar, en leerders dan onnodig laat kan begin werk.